



N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 26

27 Junie 2021

In Christus – my identiteit (1)

Paulus se oplossing vir ons met ons geradbraakte selfbeelde, met ons wonde en bagasie, is nie nog groter selfbeheptheid nie; dit is om dood te gaan.

Oor die onderwerp, identiteit in Christus, hoor 'n mens verskillende dinge. Ons lewe in 'n skisofreniese samelewing. Aan die een kant gaan dit alles oor hoe ons vertoon en lyk, ons medaljes en prestasies. Aan die ander kant loop ons rond met die diepgaande wete dat ons eintlik 'n mislukking is. Ons probeer die res van ons lewens bewys dat ons nie is nie.

Bedrieglik is die hart

Dit kom veral na vore wanneer 'n mens voor God staan. God sê: bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit; wie kan dit ken? Ek, die Here, deursoek die hart, toets die niere, om aan elkeen te gee na sy weë, volgens die vrug van sy handeling" Jer 17:9-10. In Joh 2 het Jesus Hom "aan hulle nie toevertrou nie", want Hy het geweet wat in die mens skuil. Dit wat in ons is, is nie vleierend nie. Dit is selfgesentreerd, ongelooflike selfbeheptheid. Ons word groot met 'n identiteit waar alles oor onself gaan – my belange, my drome, my visie.

Daar is net een oplossing

Jesus het nie gekom om ons te poets sodat ons beter lyk nie. Ons is tot op die been verrot. Hy het net een oplossing vir ons en dit is nie om ons beter mense te maak nie. Dit is om ons dood te maak. En dit is die evangelie.

Dit gaan nou oor Hom

Totdat ons Jesus ontmoet, draai alles om onself. Maar dan gebeur iets. Deur die werking van die Heilige Gees buig ons die knie voor Jesus. Ons selfgesentreerde lewens verander, Hy word nou die fokus. Daarin lê ons nuwe identiteit. Ons ou identiteit het alles te doen gehad met rebellie teen God, met selfaanbiddende selfsug. Maar met ons nuwe identiteit is daar gehoorsaamheid. Alles gaan nou oor Hom.

Ek leef nie meer nie

In Fil 3 noem Paulus alles op wat hom blink en suksesvol maak en dan sê hy: "Ja, waarlik, ek ag ook alles skade om die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, my Here, ter wille van wie ek alles prysgegee het en as drek beskou, om Christus as wins te verkry en in Hom gevind te word...sodat ek Hom kan ken en die krag van Sy opstanding en die gemeenskap aan Sy lyde terwyl ek aan Sy dood gelykvormig word...Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus." Fil 3:8_14.

Ons lees in Gal 2:20: "Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my..." Dit is Paulus se oplossing.

"Ek leef nie meer nie" beteken jy is dood. Daar eindig jou ou identiteit. Die heerlikheid in jou lewe is die feit dat Hy nou in en deur ons lewe!

Dankie!

- Christus leef in my!
- Vir almal wat herstel en gersond geword het!
- Vir God se genade en goedheid!

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir die gemeente bedieninge.
- Vir almal wat covid het in ons land, maar ook in ons gemeente. Daar is baie.
- Vir 'n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir ons president, regering en staatsdiens instellings vir wysheid.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Vir die skole en onderwysers.
- Dat ons 'n biddende gemeente sal wees, met 'n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir Sy genade en ontferming oor ons in SA. Dat SA sal terugdraai na God met hulle hele hart!

Voorbidding

- Duan Vorster – Vir sy spoedige herstel en volkome genesing na sy groot operasie..
- Lottie Conradie en gesin – kry baie swaar. Het MS. Vir die Here se nabyheid.
- Maria Steyn – vir volkome genesing.
- Oom Sampie Swart – vir die nabyheid van die Here.
- Magriet du Plooy –vir volkome genesing. Vir nabyheid van die Here.
- Ria Putter – vir volkome genesing.
- Thea Bosman – vir volkome genesing.
- Karina van den Berg – vir volkome genesing. Sy het kanker.
- Monica – (Hantie Terblanché se dogter) – sy het kanker. Vir volkome genesing.
- Tannie Marinda Jordaan – sy het beroerte gehad. Vir spoedige en volkome herstel.
- Martin Kleinhans - Vir spoedige en volkome herstel.
- Johan Kotze – Vir volkome herstel en genesing.

Ons innige simpatie met tannie Adri Bekker met die afsterwe van oom Fanie van Niekerk

Gedagte vir die week:

Met God, nooit sonder hoop.

-Joodse spreekwoord-

Gebedsversoeke: Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor.
N.G.Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org